SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Kyk- en Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4, 5 en 6) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Aanbevole tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP (TEKS A EN TEKS B)

## VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS A

### JONG ATLEET WAT MOEË MEDEDINGER HELP, GRYP HARTE AAN

*Volksblad*. 12 Sep 2017, Ruan Bruwer.




1 ’n Jong atleet wat aan die Suid-Afrikaanse landloop-kampioenskappe deelgeneem het, het ’n ander seun, wat in pyn was as gevolg van moegheid en dehidrasie, tot by die eindpunt gehelp. Dit het sosiale media aan die praat gehad met mense wat dit prys as ’n baie goeie voorbeeld van nasiebou.

2 Die 17-jarige Ronen Oosthuizen van Rustenburg het Saterdag in Potchefstroom groot lof vir sy simpatieke daad gekry. Hy het vir die Protea-atletiekklub in Rustenburg deelgeneem.

3 Volgens sy pa, Marius, het Ronen in die pylvak van die 6 km-wedloop vir seuns o.17 aangehardloop gekom toe Mpho Mitchell van Noord-Gauteng voor hom inmekaarsak weens ontwatering en moeë bene. Mitchell is o.16. Hulle en die o.17’s het in dieselfde wedloop gehardloop. “Ronen het eers verbygehardloop, maar toe gestop, omgedraai en die atleet opgehelp en vir die sowat 150 m tot by die eindpunt aangehelp. Volgens hom was dit baie warm en moeilike toestande om in te hardloop. “Ronen het self nie ’n goeie wedloop gehad nie en was ook fisiek moeg.”

4 “Dis die tipe kind wat hy nog altyd was. Saterdag was ’n goeie voorbeeld daarvan. Hy sal eerder iemand in nood help as om hom te wil klop. Die sportmangees was net ongelooflik mooi,” het Marius gesê. “Hy het ’n groot hart!”

5 Ronen is ’n goeie atleet wat vanjaar ’n silwermedalje in die 1 500 m op die nasionale skolekampioenskap behaal het. Hy kry die talent moontlik by sy ouers aangesien albei sy ouers ook atlete was met sy ma, Adéle, wat die Comrades vyf keer voltooi het. Hy is ’n gr. 11-leerling aan die Bergsig Akademie in Rustenburg en is volgende jaar onderhoofseun.

6 “Mense reageer geweldig op Facebook. Die Facebook-inskrywing het in die eerste 20 uur nadat Smith dit gedeel het, meer as 1 800 kommentare ontvang en is meer as 8 900 keer gedeel. Dis seker maar omdat dit ’n swart en wit seun is wat een word. Ronen sê hy het dit nie gedoen om erkenning te kry nie. “Ek wou bloot net iets goeds vir iemand probeer doen. As ek kon help het vir nasiebou, is dit wonderlik. Toe ek sien hy gaan nie vanself opstaan nie, móés ek hom net gaan ophelp en tot by die eindpunt ondersteun. Dit sou net nie reg gewees het om hom daar te los nie. Hy moes ook hard gewerk het om vir die SA’s (Suid-Afrikaanse kampioenskappe) te kwalifiseer.”

7 Volgens Ronen is Mpho by die eindpunt deur paramedici behandel en het hulle nie met mekaar gepraat nie. “Ek wonder hoe dit nou met hom gaan. Behalwe van die hitte was dit ’n moeilike baan.” André Gobey, voorsitter van landloop in Noord-Gauteng het gesê dat dit nou goed gaan met Mpho. Hy het gesê ’n paar ander atlete het ook by die eindpunt ineengesak.

8 Allan Smith, die nasionale verkoopsbestuurder by Asics Suid-Afrika wat die foto’s op Facebook gedeel het, het gesê hy wil die twee seuns graag byeen probeer kry. “Dit was so ’n mooi gebaar: ’n Seun, wat vir ’n plek hardloop, maar ’n ander een van ’n ander provinsie wat hy nie eens ken nie, ophelp en tot die eindpunt ondersteun. “Ek wil hulle graag bymekaar probeer kry vir ’n wedloop waarin ek hulle met iets wil verras,” het Smith gesê.

[Aangepas uit *Volksblad,* 12 September 2017]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Na wie verwys ‘moeë mededinger’ in die opskrif? (1)

1.2 Wat was die oorsaak van die jong atleet se pyn? Haal DRIE agtereenvolgende woorde uit paragraaf 1 aan as jou antwoord. (1)

1.3 Aan watter sportbyeenkoms het die seuns deelgeneem? (1)

1.4 Hoekom word daar van **nasiebou** in paragraaf 1 gepraat? (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte vraagnommer en jou keuse as antwoord neer.

Die landloopbyeenkoms is in (Rustenburg/Potchefstroom) gehou. (paragraaf 2) (1)

1.6 Waarvoor staan die o. in die woord o.15-atleet? (1)

1.7 Daar kom twee woorde in die leesstuk voor wat dieselfde beteken as: ***jy het baie water uit jou liggaam verloor.*** Skryf EEN van die twee woorde as jou antwoord neer. (1)

1.8 Haal ’n sin uit paragraaf 3 aan om die volgende stelling ONWAAR te maak.

Ronen het nog steeds goed geëindig en was perdfris. (1)

1.9 Hoekom dink jy Ronen het eers verby Mpho gehardloop en toe omgedraai om hom te help? Gee TWEE redes. (2)

1.10 Haal EEN woord uit paragraaf 4 aan wat vir ons sê dat Ronen nie net hardloop om te wen nie. (1)

1.11 Hy het ŉ groot hart, paragraaf 4, beteken ...

A sy hart is vergroot van die baie hardloop.
B hy het ŉ goeie hart.
C sy hart is gesond, want hy is fiks.
D hy praat baie oor alles wat in sy hart is. (1)

1.12 Wat kan ons aflei van die feit dat Ronen ŉ silwer medalje by die Nasionale Skolekampioenskap ontvang het? (1)

1.13 Ronen sê hy het nie vir Mpho gehelp om erkenning te kry nie. Op watter manier het hy tog baie erkenning gekry? (1)

1.14 In watter jaar was Ronen onderhoofseun van sy skool? (1)

1.15 Gee TWEE redes uit paragraaf 7 hoekom die seuns baie moeg na die wedloop kon gewees het. (2)

1.16 Hoekom kon Mpho na die wedloop nie met Ronen gesels nie? (1)

1.17 Wie was die voorsitter van die provinsie vir wie Mpho as atleet verteenwoordig het? (1)

1.18 Wie het die foto's op FaceBook gedeel? (1)

1.19 Wat beteken dit om vir ŉ plek te hardloop (paragraaf 8)? (1)

1.20 Kies die KORREKTE woorde uit die lys hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.20.1–1.20.2) en die antwoord neer.


| tydskrifartikel; provinsiale atlete; koerantberig; klubatlete |
|---|

Die 1.20.1 ... gaan oor twee 1.20.2 ... wat bekendheid na ŉ landloop-kompetisie verwerf het. (2)

1.21 Watter les kan elkeen by Ronan leer? (1)

Kyk goed na die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B**




[Bron: https://www.grafika24.com/page/2/. Toegang op 23 Mei verkry.]

**VRAE**

1.22 Na watter jaar, volgens die teks, verwys **toeka?** (1)

1.23 Hoekom is die donkerste gedeelte in 2019 die kleinste? (1)

1.24 Watter nuwe vervoermiddel het in 2019 ontstaan? (1)

1.25 Watter vervoermiddel het die minste toegeneem? (1)

1.26 Watter vervoermiddel het die meeste afgeneem? (1)

1.27 Hoekom, dink jy, stap leerders minder skool toe? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)

### VRAAG 2

### INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf SEWE wenke oor **HOE ’N MENS SUKSES KAN BEHAAL** in jou EIE VOLSINNE neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1–7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die **korrekte** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**HOE BEHAAL ’N MENS SUKSES?**

Mnr. Alex Pestana, ŉ sakeman, het met leerders gepraat oor hoe om sukses te behaal. Daar is geen formule om vinnig ryk te word nie, net harde werk. Maar hoe behaal ŉ mens sukses?

Is jy bang om vrae te vra? Jy sal dalk verbaas wees oor hoeveel mense bereid is om jou te help. Vra net – dis mahala! Moet nooit dink jy weet alles nie – daar is altyd iets nuuts om te ontdek. Enigiemand kan vir jou 'n leermeester wees. As jy nog jonk is, is dit ŉ goeie idee om ŉ mentor te hê en om uit hul ervaring lesse te kan leer. Om self al die moeilike lesse te leer, is duur; kry nuwe idees uit ander se ervarings. Werk is nie kinderspeletjies nie. Harde werk is al wat jou bo jou mededingers sal laat uitstyg. Daar is geen plaasvervanger daarvoor nie!

Praat met mense oor hulle goeie werk. Mense geniet dit om saam te werk as hul harde werk raakgesien word. Om suksesvol te wees, moet jy met mense assosieer wat jy kan vertrou. Sukses gaan nie bloot oor geld nie, dit gaan oor verhoudings. Die lewe is vol teleurstellings. As jy sukses wil behaal, soek ŉ manier om iets uit die teleurstellings te leer en dit in sukses verander. Moet nooit tou opgooi nie, selfs al is dit moeilik.

[Aangepas en verwerk uit https://www.netwerk24.com/huisgenoot/Jou-lewe/Ouerskap/word-n-suksesvolle-entrepreneur-20170528. Toegang op 23 Mei verkry.]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL (TEKS D EN TEKS E)

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

### TEKS D




[Aangepas uit http:/www.kleuters.co.za/index.php?destination=advertensie. Toegang op 23 Mei verkry.]

### VRAE

3.1 Hoekom word 'n prentjie van 'n Panda-beer gebruik as hulle nie in Suid-Afrika voorkom nie? (1)

3.2 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies in die volgende sin.

Ons aanlynboekwinkel het die (**groot)** verskeidenheid boeke. (1)

3.3 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD **Afrikaans** in die volgende sin:

Daar is 'n groot verskeidenheid (**Afrikaans)** boeke. (1)

3.4 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Daar is 'n groot verskeidenheid (**kind + boeke)**. (1)

3.5 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

Die woord, gewildste, in die advertensie sê vir die leser dat (die boekklub baie populêr is/daar baie boeke oor wilde diere is). (1)

3.6 Hoe trek die naam van die boekwinkel die leser se aandag? (1)

3.7 Wie is die TEIKENMARK van die advertensie? (1)

3.8 Waarom kan 'n mens inligting slegs by www.pandaboeke.co.za en op FaceBook van die boekwinkel kry? (1)

3.9 Gee die VERKLEINWOORD van die onderstreepte woord in die sin:

Daar is selfs **boeke** vir eenjariges. (1)

3.10 Watter antwoord is WAAR. Skryf net die korrekte vraagnommer en die letter as antwoord neer, bv. 3.10 E.

Deur die woorde 'Afrikaans MY TAAL!' te gebruik, wil die adverteerder ...


A beklemtoon dat Afrikaans die belangrikste taal is.
B Afrikaans bevorder.
C sê dat daar net Afrikaanse boeke is.
D sê dat kinders net Afrikaans moet lees en praat. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIE (TEKS E)

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS E




[Bron: http://hagarthehorrible.com/comics/december-3-2017. Toegang op 23 Mei verkry.]

### VRAE

4.1 Hoe weet ons, volgens raampie 1, dat Helga klere gestryk het? (1)

4.2 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Helga het ŉ (voorskoot/oorrok) aan terwyl sy huiswerk doen. (1)

4.3 Wat is die funksie van die ellips in raampies 1–3? (1)

4.4 Hoe weet ons dat Helga kwaad is (raampie 3)? (1)

4.5 Hoekom word **SIT NET HIER** in raampie 4 met hoofletters geskryf? (1)

4.6 Watter SPELFOUT kom in raampie 5 voor? Skryf slegs die korrekte woord as antwoord neer. (1)

4.7 Gee die ANTONIEM vir **geduldig** in raampie 6. (1)

4.8 Die woorde **ek's**, raampie 6, is ŉ samestelling van twee woorde. Skryf slegs dié TWEE WOORDE as antwoord neer. (1)

4.9 Bewys die volgende stelling as ONWAAR deur ŉ goeie rede as antwoord te gee:

Hagar help Helga met alles in die huis. (1)

4.10 Voeg die korrekte LIDWOORD in die oop spasie:

Helga is ... flukste vrou in die dorp. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: PROSA (TEKS F EN TEKS G)**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**



**ERROL PIETERSE (CHRISTO DAVIDS) VAN 7$^{DE}$ LAAN SE 10 DROME**

5.1 (Hy wil in ŉ groot musiekblyspel op Broadway speel. Hy kan nie sing nie.)

5.2 (Hy wil graag Othello in ŉ teater in die Londense Weseinde vertolk.)

Hy wil verstaan wat Dan Brown in sy boek *The Da Vince Code* beskryf. 5.3 (Hy wil eendag self in Italië sien waar die mafia ontstaan het.)

5.4 (Hy wil ŉ regisseur van ŉ groot fliek wees.) 5.5 (Dit moet op die Kaapse vlakte afspeel waar hy grootgeword het.)

5.6 (Hy wil ŉ huis hê want een of ander tyd moet hy seker *settle.*) Dit moet in Clifton wees omdat hy ŉ regte 5.7 (Kaap) is. Daar's mos niks mee verkeerd om te droom nie!

Hy wil trou en alles deel. (5.8) Jy wil iemand in jou lewe hê (saam met jou oud word.)

Hy wil ŉ klomp kinders hê. Hy het vyf broers en een suster. Jy leer baie by 5.9 (familie) en hy wil hê 5.10 ( … ) kinders moet dit ook eendag so beleef.

5.11 (Hy begin sy eie produksie-maatskappy) om unieke Suid-Afrikaanse werke te vervaardig. Hy glo ons bly in 5.12 (Suid-Afrika) waar daar baie 5.13 (onvertel) stories is.

Hy wil ŉ boek skryf oor die mooi dinge 5.14 ( … ) die lewe wat ons soms miskyk.

Hy wil ŉ rooi 1967-Ford Mustang V8 bestuur, want elke seuntjie kort 'n speelding.

[Verwerk uit https://www.netwerk24.com/Sarie/Bekendes/Ons-Praat-Met/christo-davids-laan-se-errol-gesels-oor-sy-10-drome-20170914. Toegang op 23 Mei verkry.]

5.1 Verbind die twee sinne met **OMDAT**.

Hy wil in ŉ groot musiekblyspel op Broadway speel. Hy kan nie sing nie. (1)

5.2 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Hy wil graag Othello in ŉ teater in die Londense Weseinde vertolk. (1)

5.3 HERSKRYF die volgende sin en begin met die woord tussen hakies.

Hy wil (**eendag**) self in Italië sien waar die mafia ontstaan het. (1)

5.4 Herskryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Hy wil ŉ regisseur van ŉ groot fliek wees. (1)

5.5 Herskryf die volgende sin in ŉ VRAAGSIN.

Dit moet op die Kaapse Vlakte afspeel waar hy grootgeword het. (1)

5.6 Skryf die sin oor en vul die ontbrekende LEESTEKEN op die korrekte plek in.

Hy wil ŉ huis hê want een of ander tyd moet hy seker *settle.* (1)

5.7 Vorm ŉ PERSOONSNAAM met die woord tussen hakies.

Dit moet in Clifton wees omdat hy ŉ regte (**Kaap**) is. (1)

5.8 Herskryf die sinsdeel tussen hakies in die INFINITIEF.

Jy wil iemand in jou lewe hê (saam met jou oud word.) (1)

5.9 Kyk na die WOORDEBOEKINSKRYWING. Op watter deel van die woord word die klem geplaas. Skryf slegs die deel van die woord wat klem dra as antwoord neer.

Fami'lie ~s [snw] (1)

5.10 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Hy wil hê … kinders moet dit ook eendag so beleef. (1)

5.11 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Errol begin die produksie-maatskappy. (1)

5.12 Skryf die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Hy glo ons bly in (**Suid-Afrika**) waar daar baie stories is. (1)

5.13 Skryf die korrekte VERLEDE DEELWOORD neer van die woord tussen hakies.

Hy glo ons bly in Suid-Afrika waar daar baie (**onvertel**) stories is. (1)

5.14 Voltooi die sin met die korrekte VOORSETSEL

Hy wil ŉ boek skryf oor die mooi dinge … die lewe wat ons soms miskyk. (1)

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Bron: www.kaaskrul.com. Toegang op 23 Mei verkry]

5.15 Gee die korrekte Afrikaanse SPELLING van **okay.** (1)

5.16 Gebruik die HOMOFOON van **maer** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.17 Skryf slegs die vraagnommer en die woord wat uitgelaat is as antwoord neer.

5.17.1 Die kinders het die ... wat bo-op die sandkasteel waai op die strand gevind. (1)

5.17.2 Hulle het 'n bal, 'n emmertjie en 'n ... strand toe geneem. (1)

5.18 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord.

Lyk ek **<u>vet</u>** in hierdie kleure? (1)

5.19 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Die bal vra: "Lyk ek vet in hierdie kleure?" (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou